HOOFSTUK 8 Aanbieding van response

# 8. OPLEIDINGSGELEENTHEDE VIR OPLEIBARE GEESTELIK VERTRAAGDE DOWNSINDROOMKINDERS

## 8.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal eerstens 'n uiteensetting gegee word van die op=leidingsentrums vir die opleibare geestelik vertraagdes wat in die onder=soek ingesluit is. Die adres, sowel as die beheerliggaam van elke sentrum sal ook hierby ingesluit word. Verder sal die totale aantal opleibare geestelik vertraagdes, wat dagsentrumopleiding ontvang, weergegee word. Hierdie gegewens is nie uit vraelysresponse verkry nie, maar wel uit 'n publikasie van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Geestesgesondheid, waarvan gegewens in Desember 1974 versamel en in Januarie 1975 gepubliseer is.

Die voorkoms van opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders en nie-Downsindroom opleibare geestelik vertraagdes in opleidingsentrums,sal daarna aangebied en bespreek word. Verder sal die getal opleidingsentrums volgens tipe beheerinstansies weergegee word. Die skoolafdelings, wat deur die verskillende opleidingsentrums ingestel is, sal ook verder aange=toon en bespreek word.

Vir voldoende individualisering is klein groepies kinders 'n vereiste; daar=om sal gegewens in hierdie verband by benadering weergegee en bespreek word. Faktore wat in ag geneem moet word by 'n keuse tussen inrigting- of tuisver=sorging van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind, sal ver=der vanuit literatuurgegewens toegelig word.

In die laaste afdeling sal die finansieringswyses vir die instandhouding van die sentrums, soos voor 1 April 1975, kortliks aangestip word.

## 8.2 Opleidingsentrums vir die opleibare geestelik vertraagdes wat in die ondersoek ingesluit is

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Geestesgesondheid het in Desember 1974 gegewens versamel met betrekking tot die getal residensiële inrig= tings, opleidingsentrums, beheerliggame van hierdie inrigtings en die aantal persone wat in hierdie twee tipes inrigtings versorg en opgelei word. Hierdie gegewens is in Januarie 1975 in die inligtingsblad van Geestesgesondheid gepubliseer. Uit hierdie gegewens is die ondersoekgroep, wat in hierdie studie gebruik is, geselekteer. Op grond van die uitspraak van die Van Wyk-komitee (1967)(kyk par. 6.7) met betrekking tot die Ru= dolf Steiner beginsels wat deur die sentrums van die Camphill-beweging, die Lake Farm Rudolf Steiner Centre naby Port Elizabeth en die Jan Prins Day Centre by Rondebosch, K.P. toegepas word, is hierdie sentrums nie in die ondersoekgroep opgeneem nie. Die Witrand Skool Afdeling, wat tans as die Witrand Voorbereidingsentrum bekend staan, is ook in die ondersoekgroep ingesluit. In tabel 8.1 word besonderhede aangaande die bogenoemde in= rigtings uiteengesit.

Tabel 8.1

Naam en beheerliggaam van opleidingsentrums, en die getal opleibare geestelik vertraagde kinders wat daagliks op= leiding ontvang

| Naam van die sentrum | Beheerliggaam | Aantal kinders wat dagsentrumoplei= ding ontvang |
|---|---|---|
| 1. Alexandra School, Alexan= draweg, Maitland. 7405 | Suid-Afrikaanse Na= sionale Raad vir Geestesgesondheid | 60 |
| 2. Alta du Toit Sentrum, Posbus 23, Sanlamhof, Bellville. 7532 | Sinodale kommissie vir die diens van barmhartigheid | 41 |

| Naam van die sentrum | Beheerliggaam | Aantal kinders wat dagsentrum= opleiding ont= vang |
|---|---|---|
| 3. Casa Do Sol School, Posbus 69411, Bryanston. 2021 | Selfstandig | 23 |
| 4. Eljada Sentrum, Voortrek= kerweg, Oudtshoorn. 6620 | N.G. Kerk Afdeling Inrigtingsorg | 10 |
| 5. E.S. le Grangeskool, Pk. Vyfhoek, Potchefstroom 2520 | Wes-Transvaalse Gees= tesgesondheidsver= eniging | 76 |
| 6. Eureka Sentrum, Posbus 3099, Drie Riviere. 1935 | Selfstandig | 69 |
| 7. The Gateway, Posbus 270, Florida. 1710 | Selfstandig | 41 |
| 8. Golden Hours Junior Training Centre, Frereweg 29, Durban. 4001 | Durbanse Geestesge= sondheidsvereniging | 43 |
| 9. Goudveldse Dagsentrum vir Gestremdes, Posbus 1218, Welkom. 9460 | O.V.S. Goudveldse Ver= eniging vir Geestes= gesondheid | 19 |
| 10. The Hamlet, Ridgeweg 27, Parktown, Johannesburg. 2001 | The Society for the Welfare of Backward and Retarded Persons | 46 |
| 11. Horison Skool vir Vertraag= des, Fakkelstraat 60, Silverton. 0127 | Pretoria en Noord-Trans= vaalse Vereniging vir Geestesgesondheid | 34 |

| Naam van die sentrum | Beheerliggaam | Aantal kinders wat dagsentrum=opleiding ont=vang |
|---|---|---|
| 12. Janie Schneider Dagsentrum, Posbus 815, Klerksdorp. 2570 | Wes-Transvaalse Gees=tesgesondheidsverenig=ing | 14 |
| 13. Jannie Brink Sentrum, Posbus 287, Kimberley. 8300 | Kimberley en Noord-Kaaplandse Geestesge=sondheidsvereniging | 10 |
| 14. Kempton Parkse Skool vir Gestremde Persone, Posbus 554, Kempton Park. 1620 | Selfstandig | 20 |
| 15. Lettie Fouché Sentrum, Posbus 474, Bloemfontein. 9300 | Selfstandig | 58 |
| 16. Little Eden Society for the care of Mentally Retarded Persons, Posbus 121, Edenvale. 1610 | Selfstandig | 17 |
| 17. McClelland School, Etheridge=weg, Amalinda, Oos-Londen. 5201 | Selfstandig | 24 |
| 18. Merryvale Training Centre, Williamstraat, Port Eliza=beth. 6001 | Port Elizabeth Geestes=gesondheidsvereniging | 59 |
| 19. Muckleneuk Opleidingsentrum, Posbus 17083, Groenkloof. 0027 | Die Pretoriase Ver=eniging vir die Ver=sorging van vertraagdes | 78 |
| 20. Oasis Association for Re=tarded Children, Lansdowne=weg 229, Claremont. 7700 | Selfstandig | 103 |

| Naam van die sentrum | Beheerliggaam | Aantal kinders wat dagsentrum=opleiding ont=vang |
|---|---|---|
| 21. Oosrand Sentrum vir Verstandelik Vertraagdes, Posbus 566, Brakpan. 1540 | Suid-Afrikaanse Na=sionale Raad vir Gees=tesgesondheid | 26 |
| 22. Peter Pan Occupation Centre, Posbus 133, Pietermaritzburg. 3200 | Pietermaritzburg Gees=tesgesondheidsvereniging | 18 |
| 23. Rotara Opleidingsentrum, Posbus 6150, Oberholzer. 2502 | Wes-Transvaalse Gees=tesgesondheidsvereniging | 33 |
| 24. Rustenburgse Sentrum, Brinkstraat 19, Rustenburg. 0030 | Pretoria en Noord-Transvaalse Vereniging vir Geestesge=sondheid | 12 |
| 25. San Michele Home, Yaldwin=weg 47, Witfield, Boksburg. 1460 | Selfstandig | 200 |
| 26. San Salvador, Melvilleweg 19, Hyde Park, Sandton. 2001 | Selfstandig | - |
| 27. Selwyn Segal Hostel, George=laan, Sandringham, Johannes=burg. 2001 | Society for the Jewish Handicap=ped | 62 |
| 28. Sonskynhoekie, Empangeni, Posbus 608, Empangeni. 3880 | Durbanse Geestesge=sondheidsvereniging | 12 |
| 29. Uitenhage Day Centre, Magennis Park, Uitenhage. 6230 | Uitenhage Geestesge=sondheidsvereniging | 18 |

| Naam van die sentrum | Beheerliggaam | Aantal kinders wat dagsentrum= opleiding ont= vang |
|---|---|---|
| 30. Wenakker, h/v Viljoen- en Kerkstraat, Lydenburg. 1120 | Oos-Transvaalse Ver= eniging vir die ver= sorging van Verstandelik Vertraagdes | 5 |
| 31. Witrand Skool Afdeling, Witrand Inrigting, Pot= chefstroom. 2520 | Departement van Gesond= heid | 57 |
| Totaal | | 1 288 |

Volgens hierdie gegewens was daar in Januarie 1975 1 288 kinders wat oplei= ding in dagsentrums ontvang het. Die 31 dagsentrums verteenwoordig die to= tale aantal moontlike respondente aan wie vraelyste versend is.

## 8.3 Voorkoms van opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders in opleidingsentrums

Vir die doel van hierdie studie word slegs belang gestel in die getal oplei= bare geestelik vertraagde Downsindroomkinders wat opleiding in die dagsen= trums ontvang. Omdat daar nie gepubliseerde gegewens in hierdie verband beskikbaar is nie, gee hierdie studie 'n aanduiding van die getal wat deur 71% (kyk par. 7.3.7) van die totale aantal sentrums verstrek is. In tabel 8.2 word die gegewens van twee items in die vraelys weergegee: die totale aantal opleibare geestelik vertraagde kinders in die opleidingsentrums en die aantal opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders (Bylaag 1, Afdeling A, Vraag 4; Afdeling B, Vraag 1).

Tabel 8.2

Voorkoms van opleibare geestelik vertraagde Downsindroom- en nię-Downsindroomkinders in opleidingsentrums wat die vraelys voltooi het

| Dagsentrums | Opleibare gees= telik vertraagde nie-Downsindroom= kinders | Opleibare gees= telik vertraagde Downsindroomkin= ders | Totale aan= tal oplei= bare gees= telik ver= traagdes |
|---|---|---|---|
| 1. Alexandra School | 54 | 6 | 60 |
| 2. Casa Do Sol | 18 | 20 | 38 |
| 3. Eljada Sentrum | 12 | 4 | 16 |
| 4. E.S. le Grange= skool | 69 | 11 | 80 |
| 5. Eureka Sentrum | 74 | 10 | 84 |
| 6. The Gateway | 46 | 8 | 54 |
| 7. The Hamlet | 5 | 66 | 71 |
| 8. Horison Skool vir Vertraagdes | 35 | 19 | 54 |
| 9. Janie Schneider | 19 | 2 | 21 |
| 10. Jannie Brink Sen= trum | 85 | 14 | 99 |
| 11. Kempton Parkse Skool vir Gestrem= des | 28 | 4 | 32 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 12. Lettie Fouché Sentrum | Ongedifferensieerd | | |
| 13. McClelland School | 67 | 6 | 73 |
| 14. Merryvale Training Centre | 37 | 11 | 48 |
| 15. Muckleneuk Opleidingsen= trum | 70 | 17 | 87 |
| 16. Oasis Association for Retarded Children | 99 | 18 | 117 |
| 17. Oosrand Sentrum vir Ver= standelik Vertraagdes | 29 | 11 | 40 |
| 18. Rotara Opleidingsentrum | 34 | 6 | 40 |
| 19. San Michele Home | 185 | 15 | 200 |
| 20. San Salvador | 0 | 8 | 8 |
| 21. Uitenhage Day Centre | 19 | 3 | 22 |
| 22. Witrand Skool Afdeling | 52 | 5 | 57 |
| Totaal | 1 037 | 264 | 1 301 |
| % | 79,7 | 20,3 | 100 |

Dit blyk dus dat daar in 21 dagsentrums (68% van die totale aantal) 20,3% opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders en 79,7% nie-Downsin= droom opleibare geestelik vertraagdes is. Die totale aantal opleibare gees= telik vertraagde kinders in die 21 opleidingsentrums is 1 301.

Wanneer die gegewens in tabel 8.2 met dié van die ooreenstemmende sentrums in tabel 8.1 vergelyk word, is daar 'n toename in getal opleibare geestelik vertraagdes in alle sentrums merkbaar, behalwe in die geval van San Michele

Home en Witrand Skool Afdeling. (Slegs die gegewens van Witrand is nie in die Januarie 1975-publikasie van Geestesgesondheid opgeneem nie). 'n Be= paling van die werklike toename in die totale aantal opleibare geestelik vertraagdes in alle opleidingsentrums is in hierdie studie nie moontlik nie, omdat response met betrekking tot hierdie getalle van 68% van die totale aantal sentrums verkry is,en dië gegewens daarbenewens oor 'n tydperk van 4 maande versamel is.

## 8.4 Beheerinstansies van opleidingsentrums

Voordat alle opleidingsentrums op 1 April 1975 onder beheer en/of toesig van die Departement van Nasionale Opvoeding gekom het, is die beheer deur verskillende instansies behartig. Om hierdie gegewens te verkry, is 'n item in die vraelys ingesluit: "Instansies wat die beheerliggaam van die sentrum aanstel (soos vóór 1 April 1975)" (Bylaag 1, Afdeling A, Vraag 7). Response in hierdie verband word in tabel 8.3 weergegee.

Tabel 8.3

Getal opleidingsentrums volgens tipe beheerinstansies

| | Finale ondersoekgroep | |
|---|---|---|
| | Getal | % |
| 1. Kerklik | 1 | 5 |
| 2. Selfstandig | 9 | 40 |
| 3. Geestesgesondheid | 12 | 55 |
| Totaal | 22 | 100 |

Dit blyk dus dat die grootste getal opleidingsentrums voor 1 April 1975 on= der beheer van die Geestesgesondheidsverenigings gestaan het. Die inhoud van die opleiding is egter aan die inisiatief van die onderskeie sentrums oorgelaat.

## 8.5 Skoolafdelings in die opleidingsentrums

Alhoewel sentrums verskillende kriteria aanwend vir die indeling van kin= ders in bepaalde afdelings, maak hulle tog 'n formele onderskeiding met betrekking tot die groepe in die sentrum. Om gegewens in hierdie verband te verkry, is 'n item wat daarop betrekking het, in die vraelys ingesluit (Bylaag 1, Afdeling A, Vraag 6). Verkreë response word in tabel 8.4 aan= gebied.

Tabel 8.4

Skoolafdelings wat deur die verskillende opleidingsentrums ingestel is

| Afdelings | Getal sentrums |
|---|---|
| 1. Kleuterafdeling | 10 |
| 2. Aanpassingsklas (groep wat stadig vorder) | 10 |
| 3. Junior afdeling (6 - 16 jr.) | 12 |
| 4. Senior afdeling (16 - 18 jr.) | 11 |
| 5. Ongedifferensieerd | 4 |

Met die uitsondering van die San Michele Home het die drie oorblywende sen= trums, wat geen gespesifiseerde skoolafdelings het nie, almal minder as 10 opleibare geestelik vertraagdes. Hierdie klein aantal kinders leen hom slegs tot differensiasie binne die groep. Die waarde van die kleuter- en aanpas= singsafdelings word baie sterk beklemtoon.

In die kleuterafdeling kan veral klem gelê word op sensories-motoriese stimu=

lering om die hipotoniese liggaamshouding (kyk par. 3.4) by die Downsin=droomkind te verminder en daardeur die moontlikheid tot gehoors-, spraak- en taalontwikkeling te verbeter. In die aanpassingsklas word nie alleen kinders aangetref wat in vergelyking met hul ouderdomsmaats in die groep groot agterstande in vaardighede ondervind nie, maar ook kinders wat vir 'n lang tydperk siek was en baie individuele aandag vereis om die werk waarin hulle agter geraak het, in te haal.

## 8.6 Grootte van groepe in die opleidingsentrums, soos bepaal deur die getal personeellede

Omdat die opleiding van die opleibare geestelik vertraagde kind, en in die besonder die Downsindroomkind, op individualisering gegrond is, is dit belangrik dat die grootte van die verskillende groepe in die sentrum daar=voor voorsiening maak. Om vas te stel hoe groot die groepe in die onder=skeie opleidingsentrums is, is items ingesluit om die totale aantal oplei=bare geestelik vertraagdes en personeellede (wat onderrig gee) te bepaal (Bylaag 1, Afdeling A, Vrae 4 en 5). Hieruit is die grootte van die groe=pe kinders by benadering afgelei. Verkreë response word in tabel 8.5 aan=gebied.

Tabel 8.5

Verhouding tussen getal personeellede en totale aantal opleibare geestelik vertraagdes in die onderskeie sentrums

| Opleidingsentrum | Opleibare geestelik vertraagdes | Onderwysers | Gemiddelde grootte van groepe |
|---|---|---|---|
| 1. Alexandra School | 60 | 4 | 15 |
| 2. Casa Do Sol | 38 | 7 | 5 |
| 3. Eljada Sentrum | 16 | 1 | 16 |

| Opleidingsentrum | Opleibare geestelik vertraagdes | Onderwy= sers | Gemiddelde grootte van groepe |
|---|---|---|---|
| 4. E.S. le Grangeskool | 80 | 7 | 11 |
| 5. Eureka Sentrum | 84 | 6 | 14 |
| 6. The Gateway | 54 | 5 | 11 |
| 7. The Hamlet | 71 | 9 | 8 |
| 8. Horison Skool vir Vertraagdes | 54 | 6 | 9 |
| 9. Janie Schneider | 21 | 2 | 10 |
| 10. Jannie Brink Sentrum | 99 | 13 | 8 |
| 11. Kempton Parkse Skool vir Ge= stremdes | 32 | 3 | 11 |
| 12. Lettie Fouché Sentrum | 58 | 10 | 6 |
| 13. McClelland School | 73 | 8 | 9 |
| 14. Merryvale Training Centre | 48 | 5 | 10 |
| 15. Muckleneuk Opleidingsentrum | 87 | 7 | 12 |
| 16. Oasis Association for Retarded Children | 117 | 12 | 10 |
| 17. Oosrand Sentrum vir Verstande= lik Vertraagdes | 40 | 3 | 13 |
| 18. Rotara Opleidingsentrum | 40 | 3 | 13 |
| 19. San Michele Home | (200) | (3) | - |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 20. San Salvador | 8 | 2 | 4 |
| 21. Uitenhage Day Centre | 22 | 2 | 11 |
| 22. Witrand Skool Afdeling | 57 | 3 | 19 |
| Totaal | 1 609 | 118 | Gem.: 14 |

Die gegewens met betrekking tot die getal onderwysers, wat deur San Michele Home verstrek is, is nie duidelik nie; daarom word dit vir interpretasie buite rekening gelaat. Vir die oorblywende 21 sentrums is daar 'n gemiddeld van 14 kinders per onderwyser. Die Van Wyk-komitee (1967) het in hul ver= slag aanbeveel dat een onderwyser vir elke 10 kinders voorsien moet word (Verslag, 1967, p. 58). Die gevolgtrekking wat uit hierdie studie gemaak word, is dat die ideale situasie 'n maksimum van 10 kinders per onderwyser is, omdat dit die onderwyser genoegsame geleentheid gee om ook binne die groep te differensieer en individuele aandag aan elke kind te gee.

## 8.7 Inrigtingversorging in teenstelling met tuisversorging

Enige kind wat met 'n gemiddelde of selfs bogemiddelde verstandspotensiaal gebore word en gebrekkige opvoedkundige stimuli in die eerste paar jaar van sy lewe ontvang, sal nie optimaal kan ontwikkel nie. Hierdie kind mag selfs verstandelik vertraag voorkom. Die Downsindroomkind wat in 'n inrig= ting versorg word, waar die personeel nie tyd het om genoegsame individuele aandag aan hom te gee nie, sal baie stadiger ontwikkel as 'n ander Downsin= droomkind van dieselfde ouderdom, wat genoegsame opvoedkundige stimulering by sy ouerhuis ontvang. In 'n item in die vraelys: "Hoeveel kinders met Downsindroom is tans in u sentrum?" (Bylaag 1, Afdeling B, Vraag 1), word 'n gestruktureerde responsruimte aan die respondent gebied om te onderskei tussen die getal Downsindroomkinders wat in 'n inrigting of in hul ouerhuise versorg word. Alhoewel 'n Downsindroomkind in sy ouerhuis 'n verstotene mag wees en minder opvoedkundige stimuli as die kind in die inrigting ont= vang, het verskeie studies korrelasies tussen groot agterstande in vaardig= hede en inrigtingsorg aangetoon. Die response wat in tabel 8.6 weergegee

word, mag verklarings bied vir groot agterstande en/of besondere vorde= ring in vaardighede by die Downsindroomkind.

Tabel 8.6

Getal opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders tussen die ouderdomme:6 - 8 jr., 9 - 12 jr. en 13 - 16 jr. in Junior opleidingsentrums, wat in 'n inrigting of ouerhuis versorg word

| Ouderdom | Versorg in inrigting | | Versorg in ouerhuis | |
|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % |
| 1. 6 - 8 jr. | 6 | 7 | 85 | 93 |
| 2. 9 - 12 jr. | 3 | 4 | 81 | 96 |
| 3. 13 - 16 jr. | 16 | 18 | 73 | 82 |

Uit hierdie gegewens blyk dit dat die grootste persentasie Downsindroomkin= ders in die ouerhuis opgegroei het. Die implikasies hiervan vir die oplei= baarheid van die Downsindroomkind word in hierdie afdeling verder bespreek. Daar sal veral aandag gegee word aan die faktore wat beslissend is vir in= rigting- of tuisversorging.

In 'n groot aantal studies (Beres & Obers, 1950; Bowlby, 1951; Centerwall & Centerwall, 1960; Goldforb, 1943; Spitz, 1945 en Griffin & Gooch, 1962) is tot die gevolgtrekking gekom dat inrigtingsorg in die vroeë kinderjare 'n nadelige invloed het op algemene groei en ontwikkeling van die kind (Shipe, 1965, p. 649). Shotwell en Shipe (1964) som die bevindings van verskeie navorsers op deur te sê dat die Downsindroomkind wat ten minste die eerste twee jaar van sy lewe in sy ouerhuis deurgebring het, beduidend beter in= tellektuele en sosiale aanpassing toon as dié wat vanaf geboorte in 'n in= rigting versorg word (Stedman, 1964, p. 401).

Volgens Stone (1967, p. 16) is voldoende kennis van die kind se vertraagd= heidsgraad, beskikbaarheid van gemeenskapsdienste en deelname aan ouerver= enigings van groot waarde om die ouers te help in veral die eerste jare na die kind se geboorte. Toenemende konfliksituasies in die huisgesin namate die kind ouer word, maak dit dikwels noodsaaklik om inrigtingopname te oor= weeg. "The adequacy of parental knowledge about mongolism and mental re= tardation was inversely correlated with placement willingness" (Stone, p. 16). Verder is daar 'n noue verband tussen aktiewe deelname van ouers aan ouerverenigings en goeie kennis van die Downsindroomkind en die begeerte om die kind tuis te versorg. Sarason (1959, pp. 347 - 353) stel die volgende kriteria vir inrigtingplasing van die geestelik vertraagde:-

a. Verhouding tussen ouers onderling

Gesien vanuit 'n objektiewe oogpunt moet die ouers hulself afvra of hul on= derlinge verhouding so swak is dat dit stremmend inwerk op die ontwikkeling van die Downsindroomkind. 'n Verdere vraag is na die invloed van die Down= sindroomkind se teenwoordigheid op aktualisering van beroepsverwagtinge van die vader, wat tot frustrasie en konflik tussen ouers kan lei. In watter mate is die ouers bereid om buitenshuise aktiwiteite tot die minimum te be= perk om so alle aandag aan die kind te gee?

b. Ander kinders

Indien die ouers skaam en bang is vir besoeke van ander mense, sal die an= der kinders ook nie hul vriende aan huis ontvang nie. Vir die normale kind is die oormatige aandag aan die Downsindroomkind 'n onverwerkbare feit in sy kindergemoed. Leiding en voorligting aan die ander kinders mag in 'n groot mate agterweë bly as gevolg van te veel aandag aan die Downsindroom= kind.

c. Effektiwiteit van die huislike omgewing

In die vraelys word item 6 (Bylaag 1, Afdeling B): "Is daar 'n merkbare/ meetbare verskil in die vaardighede (in 5 genoem) by kinders met Downsin= droom van dieselfde chronologiese ouderdom in u sentrum?",opgevolg deur

item 7: "Waaraan sou u hierdie verskille/geen verskille toeskryf?"

Al die sentrums wat groot agterstande in sekere vaardighede by opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkinders opmerk, skryf dit toe aan die invloed van 'n verwaarlosende ouerhuis of min individuele aandag in 'n in= rigting. Besondere gevorderdheid in sekere vaardighede by Downsindroomkin= ders word deur die sentrums aan 'n stimulerende ouerhuis as agtergrond toe= geskryf.

Wanneer die ouers die besondere behoeftes van die Downsindroomkind verstaan, is dit verder noodsaaklik dat hulle hulself die vraag sal afvra of daar voldoende stimuli teenwoordig is vir optimale ontplooiing van die kind. Ongebalanseerde affektiwiteit, nl. te min of te veel liefde kan die kind se ontwikkeling nadelig beïnvloed en inrigtingopname noodsaak.

d. <u>Ouderdom van die ouers</u>

Wanneer beide ouers reeds middeljarig is en nie meer goeie gesondheid ge= niet nie, moet daar sonder versuim aan die beplanning van die kind se toe= koms gedink word. 'n Bewustheid van beplanningsnoodsaaklikheid is dikwels so ver as wat dit by die ouers vorder. Dikwels aanvaar ouers sonder meer dat hul ander volwasse kinders wel na die vertraagde kind sal omsien as hulle nie meer daar is nie.

Volgens Benda (1969, p. 76) moet die ouers aan die ander kinders in die huisgesin en familie verduidelik dat die Downsindroombaba 'n kongenitale hartdefek het, wat die oorsaak is dat die verstandelike en liggaamlike ont= wikkeling stadiger plaasvind as by die normale kind. Dié baba respondeer op dieselfde wyse op liefde en aandag as die normale kind. "The child with mongolism needs contact with other children who are more intelligent and from whom he can learn adequate behaviour" (Benda, p. 77). Benda sê dat die Downsindroomkind die beste moontlikhede tot vordering toon wanneer hy saam met normale ouderdomsmaats op ± 3 - 4 jaar in 'n kleuterskool geplaas word. Inligting van die Suidelike Afrikaanse Vereniging vir oorgeërfde siektes stem hiermee ooreen. Ter wille van aanvaarding van die kind deur onderwy= sers en ouers van die ander kinders moet die ouers van die Downsindroomkind slegs noem dat die kind baie stadig ontwikkel. Die feit dat hy 'n Down= sindroomgeval is, moet liefs verswyg word (Benda, p. 77).

'n Ideaal wat reeds by sekere sentrums verwesenlik word (Jannie Brink Sen= trum in Kimberley en Lettie Fouché Sentrum in Bloemfontein), is koshuise waar al die geestelik vertraagde kinders rustig kan leef en speel. Dit skakel 'n ander probleem uit, nl. imitasie, want indien die Downsindroom= kind die eersgeborene in die huisgesin is en deur normale kinders gevolg word, kom dié probleem na vore dat jonger kinders die Downsindroomkind na= boots.

Benda (p. 79) is daarvan oortuig dat die opleiding van die Downsindroom= kind op individualisering gerig moet wees en dat inrigtingopname elke jaar opnuut oorweeg moet word na aanleiding van die totale situasie. "The child with Mongolism should be educated not according to his chronological age but according to his mental age and capacities" (Benda, p. 79).

Gevolgtrekking

Uit die vraelysresponse en aanvullende literatuurstudie blyk dit dat die op= leibare geestelik vertraagde Downsindroomkind die beste moontlikhede tot ontwikkeling het as hy, veral vir die eerste jare van sy lewe, in 'n stimule= rende ouerhuis opgroei. Die vriendelike en liefdevolle geaardheid van dié kind maak dit ook vir die ouers aangenaam om hom by hulle te hou.

## 8.8 Finansiering vir die instandhouding van die sentrums

As gevolg van gebrekkige fondse is die opleiding in baie sentrums in die verlede gekortwiek. In alle gevalle dui vraelysresponse op die volgende bronne van finansiering (Bylaag 1, Afdeling A, Vraag 8):-

a. Die Departement van Gesondheid het aan alle inrigtings, wat daarom aan= soek doen, 'n subsidie van R2 per bywonende kind per dag gegee.
b. Die ouers van die kinders in die sentrum het gereeld fondsinsamelings= projekte geloods.
c. Vanuit verskeie openbare instansies word ook gereeld donasies aan die opleidingsentrums geskenk.

d. Die inisiatief vir die stigting van die Eljada en Alta du Toit sen= trums het van die N.G. Kerk uitgegaan, wat ook die beheerliggaam is. So word sinodale kollektes in sekere gevalle aangewend om die sen= trums se fondse te styf.

## 8.9 Samevatting

In hierdie hoofstuk is eerstens 'n uiteensetting gegee van die opleiding= sentrums wat in die ondersoek ingesluit is, asook die aantal kinders wat dagsentrumopleiding ontvang. Die beheerliggaam van elke sentrum is ook aangedui. Hierdie gegewens is gegrond op inligting wat deur die Suid-Afri= kaanse Nasionale Raad vir Geestesgesondheid in Desember 1974 ingesamel en in Januarie 1975 gepubliseer is. Verder is die getal opleibare geestelik vertraagde Downsindroom- en opleibare geestelik vertraagde nie-Downsindroom= kinders in 68% van die opleidingsentrums weergegee. Behalwe kerklike en geestesgesondheidsverenigings is daar ook 'n aantal sentrums wat voor 1 April 1975 (met oorname deur die Departement van Nasionale Opvoeding) self= standig bestaan het. Die skoolafdelings waarin die verskillende sentrums georganiseer is, is hierna aangedui.

Volgens vraelysresponse het dit geblyk dat daar 'n gemiddeld van 14 kinders vir elke onderwyser in die opleidingsentrums is, en dat die meeste oplei= bare geestelik vertraagde Downsindroomkinders tot op skoolgaande ouderdom in hul ouerhuise opgegroei het en daarna daagliks die dagsentrum besoek. Daar is verder tot die gevolgtrekking gekom dat die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind die beste moontlikheid tot ontwikkeling het as hy genoegsame stimulering in die voorskoolse jare in die ouerhuis ontvang. Die wyse waarop die sentrums tot 1 April 1975 in stand gehou is, is laastens kortliks aangetoon.

In hoofstuk 9 sal die kriteria, wat deur die verskillende sentrums gebruik word, vir die groepering van opleibare geestelik vertraagde Downsindroom= kinders bespreek word.